HOE JY KAN WEET DAT JY CHRISTUS KEN.
1 Joh 2: 3-6

Inleiding:
Die kraanvoël en die swaan.
'n Ou fabel vertel van 'n kraanvoël wat in die rivierstroom gewei het en heerlik aan die slakke daarin weggelê het. Ewe skielik land 'n swaan langs hom – iets wat hy nog nooit gesien het nie. "Wie is jy en waar kom jy vandaan? vra hy vir die swaan. "Ek is 'n swaan, en ek kom nou net van die hemel af", antwoord hy. "Wat is hemel" wil die kraanvoël weet? Die swaan vertel opgewonde van die goue strate, pêrelpoorte en die rivier van die lewe, so helder soos kristal. "Is daar slakke in?" vra die kraanvoël. "Nee, dit het ek nog nooit daar gesien nie!" "Wel", sê die kraanvoël toe, "dan stel ek nie daarin belang om soontoe te gaan nie. Ek is mal oor slakke."

Kan jy sien hoe party mense soos die kraanvoël is? Hulle is so vasgevang met hulle aardse besittings, agendas en lewenswyse, dat hulle nie die ewige rykdom wat in Christus is, kan waardeer of dit verlang nie. Hulle is trouens so vasgevang op die aarde, dat 'n mens wonder of hulle enige belang by 'n ewige burgerskap in die hemel het. Soos die ryk jong man van Mark 10, kies baie elke keer weer die aarde en sy goed, bo dissipelskap van Jesus.

1 Joh 2: 3 - 6*. As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. Wie sy woord egter gehoorsaam - in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het. (1 Joh 2:3-6)*

Baie mense dink vandag dat die waarheid relatief is. Baie dinge wat ons vroeër gedink het dat ons weet, word nie meer vandag as die waarheid beskou nie. Die vinnige vooruitgang van die wetenskap veroorsaak ook, dat wat nie lank terug nie as 'n vaste waarheid beskou is, vandag of nie meer aanvaar word nie, of selfs heeltemal verander het. Maar die wetenskap is nie ons enigste bron van kennis nie. Daar is ook geestelike waarhede wat sy grond in God se openbaring het en in die Bybel opgeteken is. Dié waarhede is nie relatief nie. Die waarhede kom van God af en staan vas vir altyd.

Is dit dan moontlik om die ewige dinge te ken? Is dit moontlik om te weet of jy die ewige lewe sal ontvang? Is dit moontlik om God te ken? Is dit moontlik om te weet of jy 'n kind van God is? Hierdie vrae kan die wetenskap nie beantwoord nie, maar die Bybel kan. Om die waarheid te sê, dit is waarvoor God die Bybel aan ons gegee het – om ons te verseker dat as ons in Christus is, dan weet ons dat ons aan God behoort en om te weet dat almal wat die Vader aan die Seun gegee het, vir altyd aan Hom sal behoort.

Hoe weet ek dan dat ek Christus ken? En waaraan meet ek my lewenstandaarde as 'n Christen? Ons teks gee kragtige antwoorde op dié vrae. Daar is drie wesenlike dinge, volgens Johannes, wat ons in berekening moet bring, sodat ons kan weet, dat ons weet ons behoort aan Christus.

DAAR IS IETS WAT ONS MOET WEET!
Die eerste vaste waarheid waarvan ons moet kennis neem as ons sekerheid verlang, is dat ons moet weet dat ons Christus ken en 'n kind van God is. En dit is presies wat ons teks leer en beklemtoon. Daar is iets wat ons moet weet! Ons moet weet dat ons Christus ken.
Dit verbaas mens dat soveel kerkmense nie weet of hulle Christus ken nie. Soms neem mense selfs sterk standpunt daaroor in dat dit, volgens hulle, nie moontlik is om vas en seker te weet dat jy die Here as Redder ken nie. Selfs al wys jy vir hulle uit die Skrif dat ons kan en moet weet, is dit ook nie vir hulle genoeg om aan God se vaste beloftes te kan vashou nie.
Ek wys graag vir mense wat nie seker is nie, die woorde in 1 Joh 5: 13, waar daar staan: *Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God,* ***sodat julle kan weet*** *dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.*

Die algemene waarheid wat die Skrif hieroor beklemtoon, is ook die waarheid van ons teks. Ons kan seker weet en ons moet seker weet. Kyk gerus ook na die volgende Skrifgedeeltes:
2 Pet 1:10. Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.

Gal 2:20. en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.
2 Tim1:12. Om die rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.

En jy moet weet dat Jesus Christus jou Redder, Hoof, Saligmaker en Here is. Deur aan God se beloftes in die Woord vas te hou. Die Here kan en wil ons nie mislei nie. As hy sê dat ons Christus so ken, dan is dit so!

DAAR IS OOK IETS WAT ONS MOET DOEN.
Daar is nie net iets wat ons moet weet nie, maar ook iets wat ons moet doen. Die tweede wesenlike waarheid wat ons teks beklemtoon is dit: *As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken*. Die ware toets of ons Hom ken, is of ons gewillig is om Hom te gehoorsaam. Deur ons gehoorsaamheid weet ons, dat ons Hom ken.

***Baie wil hierdie seker wete aan 'n ervaring koppel*. '**n Ervaring van God en van Christus. Hoewel dit belangrik is om selfs op 'n daaglikse basis God en sy teenwoordigheid in ons lewens te ervaar, is dit geen fondament waarop ons ons sekerheid kan bou dat ons Hom ken nie.

Daar is twee probleme met die benadering om die sekerheid van ons kindskap van God op ervaring te bou. *Eerstens* is ons ervaringe uiters subjektief. Ons interpreteer ons eie ervaringe! Dié interpretasie is heel waarskynlik nie akkuraat nie, want ons sien so graag daarin, wat ons wil sien.
Tweedens is dit ook waar dat alle mense, nie net die kinders van God nie, die goedheid van God kan ervaar. Die Bybel leer immers ondubbelsinnig dat beide regverdige en onregverdige mense van die Here reën ontvang. God weet wat alle mense nodig het en voorsien in almal se behoeftes, want Hy is goed en daar is geen kwaad in Hom nie. Om dus te dink dat ons God ken, omdat ons sy versorgende hand ervaar het, is gewoon nie geldig nie. Almal kan God so ervaar!

Gehoorsaamheid, aan die ander kant, vertel ons wat in ons hart aan die gang is. Hoe ons hart gesteld is. Of die Gees van God ook vir ons oortuig van sonde en van vergifnis op grond van die verdienste van Christus en dus 'n vaste wete dat die Vader my ook vir Christus gegee het en ek dus vir Hom ken. Ek weet ek ken Hom, as ek aan Hom gehoorsaam wil wees.

Dit gaan nie oor perfekte en volmaakte lewens nie. Johannes het reeds in 1 Joh 1 vir ons geleer dat hulle wat sê dat hulle geen sonde het nie, lieg. Ons kan maar net om vergifnis pleit.

Dit gaan egter oor 'n gesindheid en ingesteldheid wat bo alles in die lewe soek na die Here se wil vir ons en 'n begeerte om Hom nie teleur te stel nie. Dit gaan oor die gesindheid in **1 Joh 2: 4 en 5.** *Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. Wie sy woord egter gehoorsaam - in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.*

DAAR IS IEMAND WAT ONS MOET VOLG
1 Joh 2:5b - 6. *Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.*

Die derde wesenlike waarheid wat ons teks leer, is dat daar iemand is wat ons moet volg, naamlik Jesus Christus, ons Here. Ons moet Hom volg met ons hele lewe. Met ons totale manier van lewe. Jesus is die norm en standaard wat ons volg en waarvolgens ons moet lewe, en dan sal ons weet, dat ons weet dat ons Hom ken. Dit is as ons lewe, soos Hy gelewe het. Maar hoe het Hy gelewe? Om die vraag te beantwoord, moet ons liewer in die Skrif self gaan kyk wat Jesus self oor sy eie lewe gesê het en wat die kern daarvan was.

***Joh 4:34**. Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.*

***Joh 5:17 - 19**. Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook." **18**. Hieroor het die Jode nog des te meer probeer om Jesus dood te maak: Hy het nie net die sabbatdag ontheilig nie, maar God ook sy eie Vader genoem en Hom so met God gelyk gestel. **19**. Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so.*
***Joh 5:30**. "Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.*
***Joh 6: 38**. Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.*

Jesus het in totale afhanklikheid van die Vader en in volkome gehoorsaamheid aan Hom geleef. Dit is die doel en bestemming van ons lewe: Om die doel van die Vader met ons lewe te vind en te volg. Ons moet die doel van die Vader met ons lewe so volg, soos Jesus die doel van sy Vader met sy lewe gesoek het. So word ons volgelinge van Jesus Christus, sy dissipels en weet ons dat ons Hom ken wat ons na die Vader toe neem met al ons nood en behoeftes.

Appél:
Jesus se lewe op aarde was 'n lewe in gemeenskap met die Vader. Deur gebed en in die soeke na die wil van sy Vader, deur na Hom te luister, het Hy geweet dat Hy die Seun en Woord van God is, wat die Koninkryk van sy Vader op aarde tot stand moet bring. Deur ons te red!
As ons in die voetspore van die Heiland volg, sal ons lewe soos Jesus geleef het. Ons sal soek na die wil van God vir ons lewe. So sal ons weet dat ons weet, dat ons Hom ken. En Hy vir ons.
Dit is die Woord van die Here. In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
Amen.

Enige kommentaar op die preekskets kan aan Ds. Andries Combrink gestuur word, by info@cpk.co.za